EXCELSUS GENETICS

VOLUME 8

EXCELSUS BULLETIN

1 SEPTEMBER 2009

THE G00D, THE AVERAGE AND THE UGLY!!

INSIDE THIS ISSUE:

VEILING'S GEMIDELDE 2

TOP VER-KOOPER'S 2

RPO BOERE-DAG 3

FINANSIELE BYLAE 3

PRETORIA SKOU 4

SPORT AND SKOUE 4

PUNTE VAN BELANG

- Santi en Galen Pretoria Ras Kampioene
- The Event 2 Veiling Samevating
- Beleggings
- Excelsus Skou Span 2009

THE EVENT- SAMEVATTING

"The Event 2" het op 'n koue winderige wintersoggend afgeskop met kopers van so ver as Vryburg, Bloemfontein en Noord Natal. Die Event is sinoniem met 'n hartlike Vrystaatse gasvryheid en beste Simbra genetika. **"The Good"** Baie goeie diere, het goeie pryse behaal. Goeie beleggings is gedoen. Gevestigde, tevrede kliënte dra jou deur 'n moeilike tyd. Opbrengs op vorige genetiese beleggings was fenomenaal en nuwe vriende is gemaak. Alle dank aan ons Hemelse Vader wat alles moontlik maak en aan ons die voorreg gee om deel van hierdie wonderlike ras te wees. "**The Average**" Gemiddelde diere kry in 'n moeilike jaar slegs een bod en dieselfde gebeur met diere wat nie in 'n uitstekende kondisie is tydens die veiling nie. Hoewel Excelsus altyd trots en bekend was as telers van veldbeeste het ons egter besef dat diere in 'n goeie kondisie hoër pryse realiseer."**The Ugly"** Die verantwoordelike taak van die Simbra stoetteler is om aan sy kliënte uitsonderlike genetika en teelmateriaal te verskaf wat sal dien as boustene vir die opbou van die ras. Kliënte verhoudings en tevredenheid is die sleutel tot sukses. Teelstrategieë en programme moet in swak finansiële tye deurentyd ge-evalueer en aangepas word. Bestuur moet ook in hierdie druktye die bemarkingsstrategie en aanslag evalueer. Druktye is nie aangenaam nie, maar vir oorlewing word die fokus terug gedwing na "basics". Fokus op basiese beginsels lei normaalweg tot nuwe groei. Tydens die Excelsus Event is vier bulle nie verkoop nie, wat binne 'n week na die veiling privaat verkoop is. **"Commitment"** Excelsus gaan steeds voort om bulle ekstensief en hard groot te maak. Die finansiële bestuursbeleid sal steeds toegepas word. Die Excelsus span gaan fokus op sy kliënte verhoudingsprogram en teelbeleid wat daarop gemik is om uitsonderlike Excelsus tipe Simbras te teel.

BELE IN EXCELSUS GENETIKA

'n Belegging in Excelsus genetika is 'n versekerde metode om welvaart te skep. Excelsus poog om slegs diere van hoogstaande gehalte uit die Excelsus teelprogram aan te bied. Slegs die beste manlike en vroulike genetika word vir die Excelsus veilings gebruik. Alle diere met skou potensiaal sal na verloop van tyd hul pad deur die Excelsus veilings vind na mede-telers. Zerina, 'n skou kampioen, is 'n voorbeeld van die Excelsus beleid. Sy is as 'n 3 in 1 verkoop met 'n uitstekende Challis dogter en dragtig van 'n Challis seun Chewan. Zerina is verkoop aan Sakkie Coetzee vir R25 000. Belê in die Excelsus genetika en vergroot jou opbrengs op belegging.

Bele in Excelsus Nou!!

VEILING'S GEMIDDELDE

22 uit 28 Bulle (Excelsus / Sanjika / Viljoen kuddes) is verkoop vir die gemiddelde prys van R26 818. Excelsus het 15 bulle verkoop vir 'n gemiddeld van R28 000. Vier bulle is nie verkoop nie. Die hoogste prys is behaal deur Four Feet Naas – R54 000. Koeie in kalf is verkoop vir gemiddeld R11 650 met 10 uit 11 verkoop. Agt koeie met kalwers is verkoop vir gemiddeld R14 500. Excelsus Zerina het die hoogste prys behaal van R25 000. Dankie aan Sakkie Coetzee wat Zerina gekoop. Sakkie was ook die koper van die meeste vroulike diere. Excelsus bedank ook vir Old Mac Farming met die aankoop van verskeie vroulike diere.

Four Feet Naas. Nuwe Eienaars Malemba Simbra's

TOP VERKOPERS, BELEGGINGS IN TOP GENETIKA

Excelsus Zin Zan. HDL0625B

Ons bedank Dave Carstens met die aankoop van die uitstekende bul Zin Zan, 'n maternale half broer van Zorro. Welkom in die Excelsus Familie en voorspoed met die ontsluiting van hierdie bul se potensiaal.

Zamugo Zidaan AZ0671B

Die eerste Zorro seun verkoop! Zidaan is gebruik in ons teelprogram en sal in die toekoms deel wees van die ZZM Familie Trust van Sakkie Coetzee se bul battery.

Excelsus Gas HDL0657 B

Danie Roux, een van die Excelsus se lojaalste kliënte, het die eienaar geword van die uitstekende bul Gas. Gas is die maternale half broer van die skou kampioen koei Echo 2. Baie dankie Danie!

Uitstekende Genetika maak vir goeie Beleggings!!

ZERINA VEILINGS KAMKPIOEN !

Excelsus groet met hartseer hierdie uitstaande teelkoei. Sy was besonders sedert haar geboorte. Om koeie soos sy te teel, maak teling 'n groot voorreg en plesier.

Geluk Sakkie Coetzee. Zerina sal vir jou net so 'n aanwins wees as vir ons.

RPO HOU BOEREDAG BY EXCELSUS

Andre Fererra RPO Voorsitter met Alic en Susan Tredoux

Christo Van Aard met sy Brahman Bul

Die Vrystaatse RPO het Woensdag die 12de Augustus 2009, 'n inligtingsdag by Excelsus gehou. Hierdie dag sal hopelik die eerste wees van gereëlde dae vir die toekoms in Oranjeville. Die dag is gehou in samewerking met Molatec,

Honda en verskeie Produsente in die Oranjeville distrik. Dankie aan die gassprekers, Johan Mouton, Dr Fafa Malan van Virbec, Ian Currin en Andre Ferreira, die Vrystaatse RPO Voorsitter. Dankie aan Dries Viljoen van Vaal Honda vir hul uitstalling en borgskap. Dries het ook Simbras vertoon terwyl Piet Potgieter sy Dorpers, Ian Currin sy Dormers en Christo van Aarde sy Brahmane uitgestal het.

Ian Currin Sr hanteer die praktiese demonstrasie

Ian Currin jr. met sy Dormers.

Dr Fafa Malan demonstreer parasiet besmettings diagnosering op skape

FINANSIËLE BYLAE

BELÊ IN EXCELSUS VIR DIE BESTE OPBRENGS EN BELEGGINGS.

Dries Viljoen van Villion Simbras, Deneysville het eerstehands ervaar dat die korrekte aankope van stoet diere hoë diwidende kan oplewer. Dries het in September 2005 die Standerton Res kampioen Terah gekoop om in sy kudde te gebruik. Vier jaar en vier kalf seisoene later, het Terah teruggekeer om verkoop te word op "The Event 2". Terah het weer sy vorige aankoopprys ge-ewenaar – Vier gratis stelle kalwers !!! Dries het 3 in 1 koeie gekoop wat uitstekende beleggings was. Excelsus Chimba is saam met sy ma op die 2007 veiling gekoop. Chimba is op " The Event 2" verkoop vir R40 000. Sy ma is steeds die produseerder van kwaliteit kalwers vir Dries. Excelsus Gamma en Excelsus Gatana is bulle wat ook soos Chimba as kalwers saam met hul ma's in 2007 gekoop is. Hulle is op "The Event 2" verkoop vir onderskeidelik R45 000 en R18 000.

TOP DIERE: TOP BELEGGINGS

Skou Blad

Excelsus Skou Span vir 2009

Ian Currin Jr, Sybrand Motlaung, Solomomon, Motaung, Elias Mosia, Graeme, Margie, Tayla and Sarah-Kate Currin.

EXCELSUS GENETICS

Roodepoortjie
Posbus60
Oranjeville
1995
Phone: +27 892 8147
Web www.excelsuslandgoed.co.za
E-mail: excelsusmc@mweb.co.za

PRETORIA RAS KAMPIOENE 2009

Ras Kampioen
Excelsus Santi HDL04104B

Ian en Lanzerac in Aksie

Tayla met haar Jersey Gabriella

Ras Kampioen
Excelsus Galen HDL0633B

Beste Touleier Pretoria Skou 09 Ian Currin met “Judges” L Angus en Jaco Mare